**PREDIKANTE:**
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

**JEUGMENTOR:**
Louis Aucamp
☎ 074 150 2022

**WEBBLAD:**
www.gkbenoni.co.za
**FACEBOOK:**
https://www.facebook.com/GKBenoni/

# Gereformeerde Kerk Benoni

Rom 12:2

# Polsslag

15 Oktober 2017

**ADMINKANTOOR:**
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

**KOÖRDINEERDER**
Ronel Ritchie
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za
**BERIGTE:**
polsslag@gkbenoni.co.za

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.*

## VANDAG SE EREDIENSTE:

**OGGENDDIENS 09:00**
*ds. Louis Buys*

***Skrifgedeelte**: Ef 2: 1-10*
***Fokusverse**: Ef 2: 8 –10*
***Tema:** Is jy al deur genade aangeraak?*

**LOF-EN AANBIDDINGSDIENS 17:00**
*Hennie Roets*

Interaktiewe diens, en draairoomys na die diens.
***Preektema:** Wat sal Jesus laat glimlag?*

**AANDDIENS 18:30**
*ds. Louis Buys*

***Skrifgedeelte**: Fil 2: 1-18*
***Fokusverse:** Fil 2:1-4*
***Tema:** Kan nederigheid blydskap bring?*

| ORRELISTE VANDAG | |
|---|---|
| Oggenddiens | Tarina van der Merwe |
| Aanddiens | Tarina van der Merwe |

*HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BEOEKERS.*
*KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE IN DIE SAAL SAAM MET ONS NA DIE EREDIENS.*

## KNIELTYD - Ons gee om vir mekaar

**MEEGEVOEL:**

Ons innige meegevoel gaan uit na familie van oom Bertie van der Merwe wat Dinsdagmiddag oorlede is. Ons bid vir tannie Annetjie en haar familie die Here se volle troos toe. Die troosdiens vind DV Dinsdag om 11 uur plaas, vanuit die kapel by Crystalpark begrafplaas.

Ons bid vir tannie Babs Marais wie se jongste seun in New Zealand skielik oorlede is. Mag die Here haar Sy ryke troos skenk.

**MEELEWING:**

Wesley en Carla Walsh se seuntjie, Luke, is oorgeplaas na die Busamed hospitaal in Edenvale waar hy mooi aansterk.

Hettie Viljoen moet binnekort vir 'n opvolgoperasie gaan na 'n gewas wat verwyder was, kwaadaardig bevind was. Sy sal daarna vir verdere kankerbehandeling gaan. Ons bid dat sy die krag van die Here sal beleef.

Lenie Venter is steeds in die Lakeview Kliniek waar sy behandeling kry vir haar longe, en 'n bloedklont in haar been. Ons bid haar 'n volle herstel toe.

Corrie Yssel was in die hospitaal en ons bid dat sy tuis ten volle sal herstel.

Oom Jan Bakker was Vrydag oorgeplaas na Eastlands versorgingsoord . Ons is saam met hom en die familie dankbaar dat dit beter gaan met hom.

**GELUKWENSING:**

Baie geluk aan Cassie Visser wat vandag belydenis van geloof aflê.

Baie geluk aan die volgende 2 verbondskindertjies en ouerpare wat vandag doopbeloftes aflê:

- Cassie en Gretha Visser en hul dogtertjie Amory.
- Andries en Bianca Jacobs en hul seunjie Wian.

# DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK

| DAG | | AKTIWITEIT | LOKAAL | KONTAKPERSOON |
|---|---|---|---|---|
| Vandag | 08:00<br>09:00<br>Na oggenddiens | Gebedsgroep<br>Peutersorg<br>Katkisasie gr 1-7 | Ou moederskamer<br>Kerkhuis<br>Onderskeie lokale | Donsie Krüger<br>Anneke Salomons<br>Adri van Tonder |
| Maandag | 09:30 | Bybelstudie | Rynpark 5 | Adrie Goede |
| Dinsdag | 09:00 | Koördinerings vergadering | Konsistorie | Ronel Ritchie |
| Woensdag | 10:00 | Palms | Kerksaal | Una Steyn |
| Vrydag | 09:00 | Bybelstudie met Braam | Konsistorie | Braam Krüger |

## DATUMS OM TE ONTHOU

| | |
|---|---|
| 27 Oktober | Golfdag |
| 12 November | Kerssangdiens @ 17:00 |
| 19 November | Nagmaal oggend & aand |
| 26 November | Muntlegging na oggenddiens<br>Songs of Praise @ 15:00 |

## VANAF DIE KERKKANTOOR:

1. 2018 Almanakke moet voor 20 Oktober by Ina Bolt bestel word.
2. Ons het begin met die uitstuur van ontvangs-bewyse vir dankoffers ontvang. Indien u dit nie ontvang het nie, het ons waarskynlik nie u epos adres nie. Gee u korrekte epos asseblief deur na die kerkkantoor.
3. Gemeenteboekies met lidmate se kontak-besonderhede, en wykbesonderhede is in die kerkkantoor by Ina Bolt beskikbaar.
4. Die gemeentekalender is in die proses om gefinaliseer te word vir 2018. Alle diensgroep-leiers en lidmate wat graag aktiwiteite wil aangebring hê, moet dit asb so spoedig moontlik aan Ina Bolt deurgee.

## LEË ROOMYS – EN MARGARIEN BAKKE

Belvedere skool het 'n voedingskema wat aan be-hoeftige gesinne sop huis toe stuur saam met die kinders. Hulle benodig leë roomys– en margarine bakkies om die kos in te skep. Die bakke kan in die boks in die saal gelos word vir hierdie doel.

Baie dankie byvoorbaat -
Lynette Wigget ☎ 084 350 7764

## DIENSBEURTE

| DATUM | TEESKINK | OUDERLING |
|---|---|---|
| Vandag | Wyk A3 olv Ronel Ritchie | Willem Reineke |
| Volgende week | Wyk A5 olv Jaap Smit | Schalk Venter |

**KOLLEKTES van 1 Oktober**

**Verlede week:** Diens van Barmhartigheid : R 8182
Ekumenisiteit Buitelands : R 3044
**Vandag:** Onder die diens: Diens van Barmhartigheid
By die deure: Teologiese SkoolPotch.
**Volgende week: Bybelgenootskap van SA**

## PALMS BYEENKOMS - WOENSDAG 18 OKTOBER 9:30 VIR 10:00 IN DIE KERKSAAL.

Program: Paul Botes kom 'n kuns demonstrasie vir ons doen, waarna on heerlik gaan saamkuier.

Navrae: Una Steyn
011 747 7724 of 083 309 4017

## SUSTERSSAAMTREK 2018

Pilhouertjies vir fondsinsameling vir die susterssaamtrek is by die deure beskikbaar. Help ons asb. om hierdie saamtrek 'n baie unieke dag te maak.
Vul die houertjie met R5'de en plaas in die kollektesakkies.
**RAAK BETROKKE:** Vul asb. julle vormpies in om aan te dui waar jy betrokke wil/kan raak en gee aan Donsie Kruger, Ina Bolt of Ina van Eeden.
Alle voorstelle baie welkom.

## VERJAARSDAE 15– 21 Oktober 2017

| DAG | NAAM | KONTAK NO. |
|---|---|---|
| Sondag 15/10 | Jana Bezuidenhout *<br>Cornel Boersma | 084 517 7988<br>072 273 8904 |
| Maandag 16/10 | Gerrie du Randt<br>Lynette Louw<br>Magdaleen Steytler | 082 950 7040<br>082 687 2165<br>072 282 0822 |
| Dinsdag 17/10 | Sarel du Plessis<br>Hein van der Merwe ☺<br>Riaan van Dyk | 083 390 2047<br><br>076 410 8836 |
| Woensdag 18/10 | Johan Briel<br>Ina Lourens | 082 925 8696<br>083 652 2248 |
| Donderdag 19/10 | Pikkie van der Walt * | |
| Vrydag 20/10 | Hennie Rost | 082 718 1318 |
| Saterdag 21/10 | Liz Blignaut | 072 275 7499 |

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤ )

BAIE GELUK AAN ALMAL WAT HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK VIER!

### GK-BENONI GOLFDAG 27 OKTOBER 2017
### BENONI COUNTRY CLUB

Die jaarlikse gholfdag sal weer ten gunste van die President Kruger Kinderhuise aangebied word wat deur ons kerk-verband bestuur word. Daar is 2 kinderhuise. Die een is in Pretoria & die ander is in Reddersburg. Ons ondersteun hulle elke jaar met die opbrengs van die golfdag deur behulp van Hanli Buys, Hettie Viljoen en die diakonie. In die verlede het ons gehelp om vir elke kind n verjaarsdag geskenk te koop asook om van die kinders te help om die riviertoer wat jaarliks aangebied word deur GK Frankfort by te woon.

Om hierdie hulp weer te kan aanbied versoek ons almal wat kan help en veral dié wat gholf speel of mense ken wat speel om vir Dirk van der Wateren of Ryan Colyn te kontak. Soos met vorige jare is ons op soek na helpers op die dag te help, en borge wat bereid is om n paar rand te gee om te help met onkostes van die dag, asook die finansiele hulp aan die kinderhuise soos genoem.

Besonderhede vir die dag is as volg:

**BETTERBALL STABLEFORD**

- R2000 / vierbal Halfway & aandete ingesluit
- R2500 / Gaatjie borg

Navrae: Ryan Collyn 083 285 7534 OF
Dirk van der Wateren 082 894 6731

### SONGS OF PRAISE 2017
### SYMPHONY OF LIGHT
### GEREFORMEERDE KERK BENONI
### SONDAG 26 NOVEMBER 2017 @ 15:00

Cantare Jubiloso koor gaan ons weer bekoor onder leiding van die beroemde dirigent Richard Cock en gaskunstenaars Nicolas Nicolaidis(tenoor) & Douwe Bijkersma (baritoon).
Bespreek jou kaartjies nou om teleurstelling te voorkom.

Kaartjies nou aanlyn beskikbaar op **Quicket** se webblad, of kliek op die skakel op die gkbenoni se webwerf.
Navrae : Ronel Ritchie 081 218 3048 of
Derik van Niekerk 081 475 4751

### FRANKFORT RIVIERTOER 2017

Die Riviertoer is deel van die GK Frankfort gemeente-inisiatief, in samewerking met die deputate jeugsorg vd GKSA, om met hulp van regoor die land, ons kerke-jeug te bedien.

- Waar: Plaas Zorgvliet – Tweeling distrik naby Frankfort
- Wanneer: 29 November 2017 tot 3 Desember 2017.
- Wie: Hoërskool leerders (Gr. 8-12)
- Koste: R770 per kind
- Hoe: Inskrywingsvorms is by die kerkkantoor beskikbaar,
- Tema: Strome …

Algemene navrae: Sanette Struwig - 073 027 9181
sanette.struwig@gmail.com of
Jorinda Wessels 082 927 9807

### ISRAEL EN JORDANIE DESEMBER TOER:

Seagull toere bied vanaf die 9 tot 20 Desember 2017 'n toer na Israel en Jordanie aan.
Daar is nog 'n paar plekke beskikbaar.

Indien iemand sou belangstel kontak vir:
Jaap Smit 082 803 5728 of
Ben Venter 082 805 0953 vir verdere inligting.

## REFORMASIE 500 - UIT DIEP VAN DONKER NAGTE

Wanneer: 25, 26, 27, 28 Oktober 2017
Waar: Gereformeerde Kerk Centurion, Basdenlaan 226, Lyttelton, Pretoria
Tyd: 19:00 vir 19:30 – 22:00
Koste: R80 tot R180
Kaartjies: https://tickets.tixsa.co.za/event/udvdn
Hierdie opvoering laat die Reformasie na 500 jaar herlewe in 'n unieke produksie wat oud en jonk diep sal tref. Die opbrengs word geskenk aan die GK Emeritaatsfonds.

Navrae: navraeddn@gmail.com

## LOOF DIE HERE FEESDIENS VAN DIE AFRIKAANSE KERKE

**WAAR:**NG Gemeente Universiteitsoord, PTA
**DATUM EN TYD:** 29 Oktober 15:30 en 18:30
**MASSAKOOR:** Renette Bouwer
**ORRELIS:** Pieter van den Berg
**SIMFONIEORKES:** Braam van Tonder
**KAARTJIES:** Bespreek plekke teen R30 by reformasie500sa@gmail.com

## *MAARTEN LUTHER—GENADE ALLEEN GEDENK OPVOERING*

***Dinsdag 31 Oktober is die amptelike dag van die Reformasie 500 jaar gelede***
Die program **Maarten Luther-genade alleen deur Carel Trichardt en Petru Wessels** word op reformasiedag deur die Gereformeerde Kerk Kameeldrift aangebied en ondersteun deur die Tussenkerlike Raad (Nederduits Gereformeerde Kerk, Gereformeerde Kerke, Nederduitse Hervormde Kerk) as een van die Reformasie 500 gedenkgeleenthede
**Datum:** Hervormingsdag 31 Oktober 2017
**Plek:** NG Kerk Magalieskruin, hoek van Braam Pretorius en Joyce straat
**Tyd:** 18h30 vir 19h00
**Koste:** R100-00 per persoon. Sluit hoenderslaai en broodjie in.
**Kinders:** Daar word apart vir kinders onder 12 voorsiening gemaak met 'n film en worsbroodjies teen R30-00 per kind
Kontak Susan Fourie by posvirsusan@gmail.com of 082 324 9399 vir besprekings **voor of op 20 Oktober.**

## DAMESSTUDENTE VERBLYF BESKIKBAAR VIR 2018.

Op NWU Potch kampus (GK Cachet se huidige kantore word omskep in 3 kamers, 2 badkamers en 1 kombuis wat 6 dames kan huisves).

- R2000 p/p p/m wat kamer deel.
- Water en ligte ingesluit.

Kontak Brahm Robinson 064 656 1374/ brahmrobin-

## BYBELVRAAG VIR DIE WEEK

**Verlede keer 8 Oktober 2017 se antwoord**: 1 Korintiërs 4:2
" So moet julle ons dan sien: ons is dienaars van Christus en bestuurders aan wie die geheimenisse van God toevertrou is. Van 'n bestuurder word veral vereis dat hy **betroubaar** moet wees. "
**Die volgende Bybel lesers het korrekte antwoorde ingestuur**:
Jan Lubbe ; Martie Gibson; Una Steyn; Chrissie Pretorius
**Hierdie week: Soek die Bybelvers**
" Die priester **?????** het 'n horing vol olie uit die heilgdom saamgebring. En hy het vir Salomo gesalf. Toe blaas hulle die ramshoring en die mense roep: "" Lank lewe koning Salomo" "".
**Vraag**: Watter priester het Salomo as koning oor Israel gesalf?
Lees gerus Konings en noem die naam van die priester wat vir Salomo as koning gesalf het en noem waar bostaande verse staan en SMS dit met jou naam en van na 082 873 3173.

*Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.*

**GK BENONI BANKBESONDERHEDE:**

BANK - ABSA
TJEK REK - 220 340 333
VERWYSING - Volle Naam, Van & Doel

Of Snapscan:

Diens van Barmhartigheid

TSP studentekas

Debietordervorms is beskikbaar vir maandelikse dankoffers.